



Ouerbrief 4/2021

Beste ouers

En skielik breek die vakansie aan, maar ons kyk steeds met `n dankbare hart terug na die afgelope paar maande....

Dankbaarheid gee sin aan **GISTER**

Gee vrede vir **VANDAG** en

Skep `n droom vir **MÔRE**

PERSONEEL

Die ooievaar was bedrywig die afgelope paar maande. Baie geluk aan die volgende personeellede met die toevoeging tot hul huisgesin:

Me Natalie Vries (Tahlia)

Mnr Niel Marais (Luan)

en ook baie geluk aan Mnr Chris Muller en Me Cantelle Bekker wat in die huwelik getree het.

Die volgende personeellede verlaat ons in die derde kwartaal:

Mnr Jaco Dames sluit aan by Digi TV.

Mnr N Marais sluit aan by BKB in Bloemfontein.

Me. J du Plessis verhuis na Bethlehem.

Me K Datnow verhuis na Bethlehem

Baie dankie vir uitstekende diens, ons beste wense vergesel jul op jul lewenspad.

Baie dankie aan alle personeel vir uitstekende diens gelewer binne en buite klaskamers deur die kwartaal. Dankie vir die ekstra myl gestap. Dit word opreg waardeer.

AKADEMIE

Die toetsreeks sal eerste week begin derde kwartaal voltooi word waarna die rapporte uitgedeel sal word. Gesels dan asseblief met u kind oor sy/haar uitslae van die afgelope toetsreeks. Die kern van skool is die akademiese ontwikkeling van u kind. Om die korrekte balans tussen akademie en ander aktiwiteite te handhaaf is een van die moeilikste uitdagings vir jongmense om te bemeester.

Met die ontwrigting van die pandemie het alle leerders op akademiese gebied agtergeraak en dit is ons gesamentlike verantwoordelikheid om met die nodige erns leiding vir die jongmense te gee.

Ek is baie bekommerd oor die skoolbywoning van leerders. Daar is baie wat sonder 'n aanvaarbare rede net eenvoudig nie skool bywoon nie of wat klasse selektief bywoon en op die skoolterrein wegkruip.

Die skool neem geen verantwoordelikheid vir diegene wat sonder 'n geldige rede nie skool bywoon nie. Die getroue leerders sal wel die vrugte van hul arbeid pluk. Die matrieks is in dié geval die groot sondebokke en kan dit nie bekostig nie. Die skool was oop en personeel was op volle sterkte dwarsdeur die pandemie.

INTERVENSIE GRAAD 12

Ons beplan verpligte intervensieklasse vir graad 12 leerders op 14 en 28 Augustus vanaf 07:30 – 12:45.

POPIA

Die president van Suid-Afrika het verklaar dat die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) op 1 Julie 2021 'n aanvang in skole neem. Dit beteken dat skole ook stappe moet neem om aan POPIA te voldoen.

Skole word toegelaat om die minimum persoonlike inligting wat vir 'n spesifieke en wettige doel nodig word, in te vorder. Daarbenewens is die toestemming van die betrokke ouers/voogde nodig, aangesien dit verseker dat hy/sy bewus is van die verwerking van persoonlike inligting, die doel daarvan asook die tipe inligting wat verwerk word.

Die persoonlike inligting wat in vorms en briewe verstrek word, word benodig onder andere vir die:

- verwerking van aansoeke om toelating
- vrystelling van betaling van skoolgeld
- vir indiensnemingsdoeleindes
- kommunikasie deur middel van eposse en selfoon en
- deurlopende inligting soos versoek van NKOD.

In die geval van versuim om die nodige inligting te verstrek of toestemming teruggetrek word, sal die skool moeilik sy pligte kan nakom.

Die skool is wetlik verplig om persoonlike inligting voldoende te beskerm. Dit moet die integriteit en vertroulikheid van persoonlike inligting in sy besit verseker deur toepaslike redelike en tegniese maatreëls te tref om verlies, skade en onregmatige toegang te voorkom

Alhoewel dit nou wetlik verplig is, was alle inligting by Hoërskool Diamantveld nog altyd in veilige bewaring en is persoonlike inligting van ouers, leerders en personeel, altyd vertroulik hanteer.

Met ingang derde kwartaal sal u 'n stel dokumente ontvang wat asseblief volledig ingevul en teruggestuur moet word. Indien daar onsekerheid is moenie huiwer om die skool te kontak nie.

VOORKOMS EN GEDRAG

Die beeld na buite van ons kinders is oor die algemeen goed. Baie komplimente word ontvang en daarvoor is ek saam met u dankbaar.

Sal u asseblief in die vakansie seker maak dat u kind se voorkoms netjies en volgens die skoolreëls is. Ek doen `n beroep, veral op die seuns, wat snorre en baarde ongetem laat groei onder die maskers.

Ek doen ook `n beroep om die skoolreël t.o.v eenvormige skooltasse en sportsakke ook na te kom. Die pap sake beskadig die handboeke wat vir die volgende jare se leerders beskikbaar moet wees.

SKOOLFONDS

Baie dankie aan elke ouer wat getrou sy/haar onderneming met die skool eerbiedig.

U vestig die waarde van respek en eerlikheid aan u kinders. Om 'n kwaliteit-opvoeding aan u kind te verskaf, is dit noodsaaklik dat die skoolfondsbetaling betyds inkom. Salarisse van SBL-personeellede vorm `n groot deel van u betalings.

Ek doen 'n ernstige beroep op ouers wie se skoolfondsbetalings agterstallig is: kom asseblief u verpligtinge na.

As u onseker is oor die korrekte verwysing met internetbetalings, kontak asseblief die finansiële kantoor.

Sonder die inkomste van skoolfonds kan ons nie kwaliteit onderrig aan u kinders gee nie.

COVID

Regulasies van DBO bepaal dat enige leerder wat positief toets of moet selfsoleer nie skool mag bywoon nie. Mediese sertifikate **MOET** ingehandig word.

Omrede die matrieks op die oomblik kroonwild is maak ons voorsiening dat hulle in eksamenomstandighede en toetse in isolasie mag skryf. Daar moet egter met skool gekommunikeer word sodat ons voorbereidings kan tref. Om pandemie te bestuur moet ander grade egter kwarantyn en isoleer.

Ek vra dus bitter mooi: **PAS JULSELF OP** gedurende die vakansie en bly weg van samekomste.

SLOTWOORD

Sterkte aan almal; kom ons neem hande en maak `n sukses van 2021!

Ons harte gaan uit na alle gesinne wat gedurende die afgelope kwartaal `n geliefde aan die dood afgestaan het en bid dat u vertroosting sal vind.

REËLINGS VIR DIE VOORLOPIGE TOETSROOSTER EN SKOOLBYWONING VIR DIE EERSTE WEEK VAN KWARTAAL 3

JULIE VOORLOPIGE TOETSROOSTER						
DATUM	DAG op rooster	Gr 12	Gr 11	Gr 10	Gr 9	Gr 8
MA 19/7	DAG 7	GEWONE SKOOL				
DI 20/7		GEO (1½h) VERBR (2h)	VERBR PRAKT	RTT (2h)	EBW (2h)	FW PRAKT (1h)
WO 21/7		EKON (1½h)	LO (1½h)	LO (1½h)	SK (1h)	TEG (1h)
DO 22/7	DAG 8	REK (2h)	GEO (1½h)	GEO (1½h)	Gewone skool	
VR 23/7	DAG 9	GEO (2h)	Gewone skool			
MA 26/7	DAG 1	Gewone skool				

Hierdie toetsrooster is onderhewig aan veranderinge vanaf die Departement van Onderwys en toetsdatums vir GEOGRAFIE gr 10 en 11 wat nie nog beskikbaar is nie.

*Die persoon wat 'n boom plant en weet
hy/sy gaan nie in die skaduwee daarvan sit
nie verstaan die betekenis van die lewe....*

Rabindranath Tagore

VERSLAE

Sien oudergewoonte aangeheg die akademiese, sport- en kultuurverslae. Baie geluk aan al die presteerders, maar meer nog, aan al die deelnemers.

LC VICTOR
SKOOLHOOF
2021-06-30